

## HOOFSTUK 8

### TAALHOUDING

#### 8.1 Inleiding

Houding is 'n belangrike dimensie van die struktuur van 'n samelewing en kan 'n deurslaggewende rol in die taalgebruik van gemeenskappe speel. Volgens Sargent en Williamson (1966:234-244), is houding een van die mees dinamiese faktore in sosiale gedrag. Daar bestaan 'n noue verband tussen houding en ander sleutelprosesse soos motivering, leer en persepsie. Houdings word gevorm deur kulture en subkulture. In hierdie hoofstuk word daar gefokus op die aard van houdings, die belangrikheid van houdings, veral die houdings van taalgroepe teenoor hul eie- en ander taalgroepe.

#### 8.2 Die aard van houdings

Cattell (1957:263) omskryf *houding* soos volg:

An attitude is not a frozen stance, or any mental analogue thereto, for example a temporary set, but a structure which like any other mental structure, is influenced from repeated appearances of behaviour responses of a certain trend ...

Allport (1935:810) gee die volgende omskrywing van houding:

An attitude is a mental and neural state of readiness, organized through experience, exerting a directive or dynamic influence upon the individual's response to all objects and situations with which it is related.

Webb (1979:42) omskryf *houding* as die wyse waarop 'n persoon teenoor iets staan. Volgens Webb (1979) bestaan hierdie ingesteldheid uit oortuigings, gevoelens, opinies en voorveronderstellings. 'n Houding lê onder die vlak van die bewussyn, dit is persoonliker en meer privaat as 'n opinie en dit verander ook nie maklik nie. Baker (1992:12), identifiseer drie hoofkomponente van houding, naamlik die kognitiewe, die affektiewe en handelingsgereedheid.

Uit hierdie omskrywings blyk die volgende implikasies:

- i) 'n Houding omskryf die mens se *posisie* teenoor 'n gegewe aspek van sy begripswêreld. 'n Houding is óf *vir* óf *teen* 'n voorwerp, situasie, persoon of groep. Sommige mense mag byvoorbeeld redelik negatief voel teenoor 'n aartappel weens die hoë kalorie inhoud. Vir 'n persoon in 'n ander kultuur is 'n maaltyd sonder aartappels, ongehoord. Hierdie voorbeeld illustreer dat

houdings gevorm kan word oor relatief neutrale voorwerpe, alhoewel die houding self nie neutraal is nie.

- ii) Houdings is gewortel in motivering en emosie en kan gedrag beïnvloed. Houdings vorm die emosionele basis vir die meeste van die mens se interpersoonlike verhoudings en identifikasie met groepe en sosiale bewegings. 'n Onderwyseres se gunstige- of ongunstige houding teenoor uitlanders, sal waarskynlik onbewustelik haar bepunting van 'n opstel geskryf deur 'n uitlandse student, beïnvloed.
- iii) Houdings word geïntegreer in 'n georganiseerde sisteem. Houdings is veranderlik.
- iv) Houdings word deel van die mens se persoonlikheid en omskryf die individu se egostruktuur (Sargent en Williamson 1966:244-245).

Die affektiewe-, motiverings- en kognitiewe aard van houdings blyk duidelik uit bogenoemde. Die mate waarby 'n mens persoonlik betrokke is by 'n bepaalde aangeleentheid, bepaal die sterkte van jou houdings. Die meet van houdings kan soms problematies wees. Webb (1979:45) is van mening dat houdings moeilik meetbaar is, aangesien houdings verwar word met opinies. Hauptfleisch (1977:4) huldig die volgende siening:

The problem is that "attitude" is internal and not a basic irreducible measurable element of personality.

De Klerk en Bosch (1994:50) maak die volgende opmerking:

The researcher into language attitudes is faced with a dilemma because self-reported data is often of questionable validity, and inferences about behaviour take the researcher one step away from reality.

Nie almal stem saam met bogenoemde menings nie. Volgens Cacioppo en Petty (1982:189), is houdings "a convenient summary of the evaluative nature of a person's belief". Roos (1990:25) beweer:

The measuring of attitudes has an important role to play in the social sciences. The aim of such measuring is often to draw a profile of a society in order to make certain predictions. Attitude measuring enables the sociolinguist to identify stereotypes regarding language groups and to monitor the results of language planning projects.

### 8.3 Die aard van taalhoudings

Richards *et al.* (1992:199) omskryf *taalhouding* as die houding wat sprekers van verskillende tale of taalvariëteite teenoor mekaar se tale of teenoor hulle eie tale het.

Ryan en Giles (1982:7) se omskrywing van taalhouding sluit aan by dié van Allport (1935) en lui soos volg:

... [a]ny effective, cognitive or behaviour index of evaluative reactions toward different language varieties or their speakers.

Fasold (1984:148) beweer:

Attitudes toward language are often the reflection of attitudes toward members of various ethnic groups.

Uit bogenoemde blyk dit dat taalhoudings dus baie meer te doen het met die sosiale struktuur van die gemeenskap, as die taal self. Volgens Webb (1979:48) hou een van die redes waarom mense nie 'n bepaalde taal wil gebruik nie, verband met die intieme band wat tussen 'n taal en sy sprekers bestaan. 'n Verdere rede is die feit dat 'n taal die sosiale waardes en norme asook die lewens- en wêreldbeskouing van sy sprekers simboliseer. Webb (1979) het voorts bevind dat daar minstens twee faktore is wat 'n rol speel by die keuse van 'n taal, naamlik:

- i) Die relatiewe prestige van die taal.
- ii) Die funksionele- of instrumentele waarde van die taal (sien 6.4.1.4).

Hierdie siening is in ooreenstemming met dié van Giles, Hewstone en Ball (1983:81) wat beweer:

... language attitudes reflect inter-ethnic attitudes, determine teachers' perceptions of pupils and reduce or increase chances for educational and social success.

Sommige linguïste ontken die bestaan van taalhoudings as sulks. Münstermann (1989:176) beweer dat die houdings wat mense teenoor verskillende taalvariëteite het, inderwaarheid refleksies van hulle houdings teenoor die sprekers van daardie tale is. Macnamara (1973:37) is van mening dat houdings nie belangrik in tale is nie, omdat gebeure en die behoefte aan 'n taal, houdings kan oorheers. Uit voorafgaande blyk dit duidelik dat taalhoudings nie beskou kan word as aparte entiteite nie, maar eerder as verteenwoordigend van die hele sisteem van sosiale houdings.

Webb (1979:41) het bevind dat motivering 'n groot rol speel in persone se taalhoudings. Hy het byvoorbeeld bevind dat baie leerlinge klaarblyklik voel dat dit nie die moeite werd is om Afrikaans te leer praat en skryf nie en blameer stereotipering as die sondebok.

Volgens Roos (1990:27), is stereotipering deel van die kognitiewe komponent van houding en word gevorm deur persoonlike ervaring, emosionele behoeftes en dit wat van ander geleer word. Asch (1952:47) wys op die volgende:

... the most significant function of attitudes is to restrict and bias the psychological field ... the decisive effect of attitudes is to distort perception.

Indien houding sinoniem is met prekonsepsies, of help om 'n sekere stel prekonsepsies te skep wat tot vooroordeel kan lei, moet houdings in 'n sensitiewe veld soos taalhandhawing baie vroeg ontdek en indien nodig, verander word. Lewis (1980:263) toon aan dat dit bekend is, dat wanneer 'n prekonsepsie toegelaat word om 'n taal, die kultuur verwant aan hierdie taal, of die sprekers te stereotipeer, dit nie maklik is om hierdie prekonsepsie te verander nie.

Dit is egter uiters belangrik om daarop te let dat alle tale ter wêreld linguistiese gelykheid besit. Antipatie teenoor 'n taal, is volgens Lina Spies (Die Burger 11 Julie 2002) verstaanbaar, maar onregverdig. Volgens Spies kan 'n mens baie by ander leer. Sy verwys in hierdie verband na diegene wat in die skadu van Auschwitz, hul weersin in en weerstand teen Duits oorwin het. Die Nederlandse skrywer G.L. Durlacher was die enigste kind van Joodse ouers. Hulle was Duitssprekend in die huis. Na sy terugkeer uit Hitler se "doodskampe", het hy na Nederland geïmmigreer. Deur te luister na die Schubert-liedere wat sy vader, 'n sanger uitgevoer het en die herontdekking van die Duitse literatuur, het sy weerstand teen Duits stadig begin verkrummel.

Die Duitsers self is ook geraak deur die oorlog. Uit die letterkunde blyk dit dat daar na die Tweede Wêreldoorlog 'n skuldgevoel by die Duitsers ontstaan het, wat hul houding teenoor hul moedertaal beïnvloed het (Grass 1959). In Suid-Afrika gaan Afrikaans ook tans gebuk onder die juk van apartheid. Uit die debatte wat in die media oor Afrikaans gevoer word, blyk dit duidelik dat die Afrikaner en die Afrikaanse taal nog nie sy apartheidsverlede afgeskud het nie. Om 'n taalhouding te verander, moet respek en waardering gekweek word. Dit bly dikwels 'n langtermyn aangeleentheid. Net soos die Duitse taal uiteindelik bo sy oorlogsverlede uitgestyg het, moet die hoop nie beskaam dat Afrikaans kan uitstyg bo sy politieke verlede nie.

#### **8.4 Taalhoudings in 'n veeltalige gemeenskap**

Taalhoudings bestaan nie in 'n vakuum nie. Mense ontwikkel houdings teenoor tale wat hulle sienswyse teenoor die sprekers van daardie tale, asook die verband en funksie wat

daarmee geassosieer word, reflekteer. Taalhoudings word sterk beïnvloed deur sosiale- en politieke faktore, daarom moet taalbeplanners taalhoudings in ag neem, wanneer daar op 'n geskikte taal besluit word vir ontwikkeling as amptelike- of nasionale taal. Taalhouding is baie sensitief vir sosiale- en politieke veranderinge. In lande waar amptelike status aan onpopulêre tale gegee is, het probleme ontstaan. In lande soos België en Indië het opstande oor taalsake ontstaan. In Wallis is Engelse padtekens verwyder, wat duidelik aanduidend is van die intensiteit van die Walliesers se houding teenoor Engels in Wallis (Holmes 1992:345-346).

Soos aangetoon, is houdings veranderlik. Daar bestaan dus geen waarborg dat die “goedgesinde” houding teenoor ander tale nie later tot konflik en spanning sal lei nie. Die ontwaking van 'n groep se nasionaliteit begin dikwels met die herlewing van sy taal en letterkunde. Sorokin (1962:201) skryf:

The struggle for equality of nationalities has usually started with the struggle for equality of their language in the state, court, school, church, etc., the right to teach it and to use it without discrimination.

### **8.5 Taalhoudings in Afrika**

Afrika nasionalisme en die verkryging van onafhanklikheid van die voormalige koloniale magte tussen die vyftiger en sewentigerjare van die 20ste eeu, het daartoe gelei dat Afrikastate 'n keuse oor amptelike tale moes maak. Feitlik al die state van Afrika volg 'n eksoglossiese beleid (sien 5.6.4). Engels en Frans is die twee koloniale tale wat die wydste in onafhanklike en nie-onafhanklike state in Afrika gebruik word. Hierdie twee koloniale tale is ook die huidige amptelike tale van die Organisasie van Afrika Eenheid (Mvula 1992:37-38).

Soos in 5.6.4 aangetoon, ervaar die meeste eksoglossiese lande ernstige kommunikasieprobleme. In die meeste lande word die massas van die bevolking nie bereik nie. Volgens Heine (1992:27) is daar bronne wat beweer dat slegs 10% van die bevolking van Franstalige state in Afrika Frans kan praat. Voorts kan slegs een tot twee persent van hulle Frans vlot praat en ook daarin dink. Ongeveer 60% van Afrika se bevolking woon in lande waarvan Engels die amptelike taal is (Phillipson (1992:26). Omdat slegs 'n klein persentasie van die bevolking van die betrokke lande Engels magtig is, is die term *Engelsprekende Afrikastate* egter misleidend. Die UNESCO-verslag het in 1985 aangetoon dat slegs 6,9% van Zambië se bevolking in Engels geletterd is (Mvula 1992:40). Dit beteken dat meer as 93% van Zambië se bevolking al vir die afgelope 36

jaar uitgesluit is van byvoorbeeld 'n behoorlike opvoeding, toegang tot sake-sektore, handel en nywerheid en enige deelname aan politieke prosesse van die land (Van Staden 1997:52). Dieselfde situasie speel hom in Suid-Afrika af (sien 5.4.1).

Kotzé (1995:2) noem vier redes waarom taalgemeenskappe in Derdewêreldlande as 'n amptelike taal, dié taal kies wat met koloniale onderdrukking geassosieer word.

- i) Die hoëkoste-argument - Dit sal te duur wees om 'n inheemse taal met al die nodige funksies wat nodig is vir die doel, toe te rus.
- ii) Die anti-etniese-argument - Die vrees bestaan dat die bevordering van 'n inheemse taal sal lei tot die oorheersing van ander etniese groepe deur die sprekers van daardie taal.
- iii) Die tegnologiese-argument - Engels kan onmiddellik toegang verleen tot die tegnologie wat nodig is vir die heropbou en modernisering van die land.
- iv) Die internasionale kommunikasie-argument - Engels kan as skakel optree met die buitewêreld. Hierdie argument speel 'n belangrike rol in die regering se keuse van 'n taal vir sy hoër funksies.

Verskeie navorsingstudies oor taalhouding is die afgelope aantal jare in Afrika gedoen. Daar word na enkele van hierdie studies verwys. Schmied (1985, 1990 en 1991) het taalhoudings in Tanzanië, Kenya en Zambië ondersoek. Schmied 1990:225) het tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n baie positiewe houding teenoor Engels bestaan en dat die Engelse taal hoë prestige waarde het. Na aanleiding van navorsing in Malawi, het Mvula (1992) tot die gevolgtrekking gekom dat Engels nog vir 'n lang tyd die taal van internasionale kommunikasie in anglofoniese Afrikastate, insluitend Malawi sal wees.

In Namibië was ten minste twee koloniale tale, gedurende verskillende tye, die amptelike tale in Namibië. Harlech-Jones (1982,1991), het bevind dat onderwysers die Afrikatale as medium van onderrig verwerp het. Die onderwysers het die gebruik van Engels as medium van onderrig aangemoedig. In 1990 het Engels die enigste amptelike taal van Namibië geword. Die houding van die Namibiërs teenoor Engels is uiters positief. Engels word beskou as die taal van sosiale mobiliteit en ekonomiese vooruitgang (Cluver 1992:119,128).

In Afrika-lande waar die inheemse taal vir hoër funksies gebruik word, blyk daar positiewe houdings teenoor dié taal te wees. Sure (1991), het 'n omvattende opname oor taalhoudings teenoor Kiswahili en Engels, in Kenya uitgevoer. Hy het onder andere bevind dat daar baie positiewe houdings teenoor Kiswahili bestaan. Sure (1991:257) skryf hierdie positiewe houdings toe aan “its symbolic stature as a national language”.

Potter (1995:203) beskou die strewe van taalgemeenskappe in Afrika, asook Suid-Afrika om Engels as *lingua franca* te gebruik, as 'n pragmatiese keuse. Potter (1995:200), skryf in die verband:

They see knowledge of English, among other things, as the key to prosperity. To deny them access to English, would therefore seem to be a denial of what is surely a right: the right to improve one's position in society in the best way one sees fit.

Anders as in Eerste Wêreldlande, het hierdie sprekers van Engels egter weinig kontak met Standaardengels soos dit deur eerstetaalsprekers gepraat word. Kotzé (1994:4) beweer dat die Anglo-Nigeriese pidgin wat in Nigerië gebruik word, meer gebruikers het, as gebruikers van Standaardengels. Dit kan uiteraard lei tot swak kommunikasie met moedertaalsprekers. Kotzé (1995:4) skryf in hierdie verband:

Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat hier nie meer sprake is van onderling verstaanbare variëteite van dieselfde taal nie, maar van nuwe kodes wat 'n eie karakter en momentum verkry het. En selfs vorme wat nog as Engels kan deurgaan, is nie meer toeganklik vir die moedertaalspreker van Engels “as she is spoke” nie.

## **8.6 Taalhoudings in Suid-Afrika**

### **8.6.1 Algemene houding van taalgroepe teenoor ander tale**

Volgens die *Pansat* verslag (September 2000), toon die reaksies van die inwoners in Suid-Afrika dat hulle redelik insiklik en ruimhartig is ten opsigte van ander tale. 'n Groot persentasie van die bevolking moet egter moeilike aanpassings maak in formele en ekonomiese interaksie. In byvoorbeeld die werkplek waar taalgebruik van kritieke belang is, is isiZulu die enigste Afrikataal wat enige prominensie geniet. Daarteenoor geniet Engels as medium van kommunikasie in die werkplek, ongeveer vyf keer meer aanwending as sy relatiewe sterkte as huistaal. Dit is slegs die goedgesindheid van die verskillende taalgroepe wat 'n groter vlak van frustrasie in taalkontaksituasies verhoed.

Ten spyte van hierdie positiewe houding teenoor die ander tale, ondersteun slegs 19% van die respondente die siening dat 'n enkele taal voorkeur moet geniet. Ongeveer 61%

van die respondente is ten gunste van 'n beleid wat benadeelde tale ontwikkel. Hierdie sentiment was die hoogste onder Afrikaanssprekendes (70%), Sesothosprekers (70%), siSwatisprekers (70%) en Tshivendasprekers (85%). Ten spyte van hierdie positiewe houding dat benadeelde tale ontwikkel moet word om met 'n dominante taal soos Engels te kompeteer, is slegs 50% van die respondente van mening dat die regering meer geld aan taalontwikkeling en vertaaldienste moet spandeer.

Volgens die *Pansat* verslag (September 2000) vind 80% van onderrig in Suid-Afrika in Engels plaas, terwyl dit die huistaal van net 9% van die land se bewoners is. Slegs 12% van die respondente is egter van mening dat dit belangriker is dat leerders in Engels, as in ander tale moet leer. Die lae persentasie respondente wat Engels as taal van onderrig gekies het, is verrassend, gesien in die lig daarvan dat dit feitlik universele praktyk in Suid-Afrika is om Engels as onderrigstaal te gebruik. Ongeveer 90% van die respondente voel dat moedertaal 'n betekenisvolle rol in die onderwysstelsel moet speel. Uit hierdie verslag blyk dit voorts dat die voorkeur vir Engels as medium van onderrig 'n elite verskynsel is. Daar bestaan 'n duidelike voorkeur vir Engels as medium van onderrig onder hoër inkomste groepe (sien 8.6.2).

Dit is te verstane dat die openbare- en private sektore praktiese probleme ondervind om al elf amptelike tale te akkommodeer. Dit is egter onaanvaarbaar dat Engels bevoordeel word. Die neiging van politici, nasionale leiers en besigheidslui om Engels as medium van kommunikasie te kies, is waarskynlik gedeeltelik gebaseer op die aanname dat meer mense die stellings in Engels sal verstaan. Volgens die *Pansat* verslag verstaan meer as 60% van die bevolking (Engelssprekendes uitgesluit), glad nie of selde, wanneer daar in Engels gepraat word. Hierdie praktyk benadeel ongetwyfeld 'n groot persentasie Suid-Afrikaners (sien 6.4.3.3).

### **8.6.2 Taalhouding onder Afrikataalsprekers teenoor taaleie**

In Suid-Afrika, soos in die res van Afrika, het die sprekers van Afrikatale 'n uiters negatiewe houding teenoor hulle eie tale (sien 6.4.1.4). Daar bestaan ongetwyfeld by sprekers van Afrikatale die persepsie dat Afrikatale nie in dieselfde domeine as die wêreldtale kan funksioneer nie (Webb 1994:181-182). Dit wil amper voorkom asof 'n taaltrots ontbreek. Hierdie stelling word duidelik illustreer deur die volgende opmerking deur Sej Motau, bedryfsleier en voormalige joernalis (Mathiane 1989:8-9):



We need to break out. We need to use English for a vehicle of communication and as a instrument of liberation ... It frees one from the confinement of thinking like a Zulu or a Mosotho ... African languages with their cumbersome traditions tend to be circumlocutious whereas English gets to the point. Our languages were good for the ox-wagon days ... English is identified with the positive things in our lives.

Nyamende (1994:213-214) eggo hierdie gevoelens:

Not only are Xhosa variants denigrated today, but even Xhosa, the standard dialect, as school subject or university course, is looked down upon by school people as a subject for simple-minded and for rustics.

Hierdie negatiewe houding is ook opmerklik onder onderwysers en veral leerders. Duminy, MacCarty en Gasa (1980), Mordaunt (1991) en De Villiers (1992) het die houding van onderwysers in Swart skole ondersoek. Duminy *et al.* (1980) het navorsing in skole in Zululand gedoen. Hulle het bevind dat daar baie positiewe houdings teenoor Engels bestaan. De Villiers (1992:64) beweer dat die onderwysers oor die algemeen van mening is dat dit sosiaal, opvoedkundig en beroepsgewys tot die leerders se voordeel strek, indien hulle vaardig is in Standaardengels.

Navorsing deur Paynter (1999:141) oor taalhoudings onder Swart laerskoolleerders in die Johannesburg-omgewing, het aan die lig gebring dat die meerderheid leerders self ook verkies om in Engels onderrig te word. Dieselfde tendens word onder Swart hoërskool leerders gevind. Edelstein (1972) het navorsing gedoen oor die taalhouding van 200 hoërskool leerders in Soweto. Die meerderheid van die leerders het Engels as onderrigmedium verkies. Slegs 9,5% van die respondente het 'n Afrikataal as medium van onderrig verkies.

Smit (1994) het in etlike Afrika-lande studiebesoeke afgelê met finansiële steun uit Oostenryk. In Suid-Afrika het sy onder meer die “matched-guise” tegniek gebruik (vgl. Vorster en Proctor, 1976), met 282 leerlinge in Grahamstown. Sy het onder meer bevind dat die meerderheid leerders in sekondêre skole 'n positiewer houding openbaar het ten opsigte van nie-standaard variante van Engels – veral Swart Suid-Afrikaanse kinders (sien 3.9). Volgens Wade (1999:8) het die sosio-ekonomiese status van die tipiese BSAE (Black South African English) spreker sedert 1990 aansienlik verhoog en daarmee saam ook die status van BSAE.

Swart Suid-Afrikaanse leerders verkies voorts ook nie net Engels as die taal waarin hulle onderrig wil word nie, maar ook as die taal vir die toekoms. In 'n klas van 30

matrikulante by die *Motse Maria High*, 'n meisieskool buite Pietersburg in die Noordelike Provinsie, wil nie een leerder hê dat haar kinders eendag deur medium van hul moedertaal onderrig word nie (Sunday Times 22 July 2001). Veltman (1983:20) beweer dat die taal wat hoofsaaklik deur die ouers gebruik word, uiteindelik die moedertaal van die kind sal word. Die gevolge van Swart leerders se taalhouding op die Afrikatale en -kulture is verreikend.

Die negatiewe houding van Afrikataal-moedertaalsprekers sowel as tweedetaal sprekers teenoor Afrikatale, word ook duidelik in die drastiese afname van veral Afrikataal-studente aan Suid-Afrikaanse universiteite gereflekteer. Daar bestaan groot kommer oor die voortbestaan van sommige van hierdie departemente. Unisa wat die enigste universiteit is wat onderrig in alle Afrikatale aanbied, se studentegetalle het van 25,000 in 1997, tot 3,000 in 2001 geval. Afrikataal-departemente van ander inrigtings bevestig dat daar 'n jaarlikse afname van 50% is (Sunday Times 4 March 2001). Daar was op skoolvlak ook 'n stewige afname onder leerlinge wat Afrikatale as moedertaal in matriek neem. 'n Slagting is ook aan die gang betreffende die neem van Afrikatale as derde taal. Die aantal leerders wat Afrikatale as derde taal neem, is in die jaar 2000 ongeveer gehalveer en is besig om vinnig te verdwyn (Rapport 7 Januarie 2001). Onder inheemse Afrikatale wat as vak geneem word, is die grootste afname in Zoeloe, wat die meeste Suid-Afrikaners se omgangstaal is. Prof. Thipa verskaf vier redes vir hierdie negatiewe houding teenoor Afrikatale (Rapport 12 September 1999).

- i) Studente is onder die indruk dat Afrikatale geen ekonomiese waarde het nie.
- ii) Daar bestaan 'n gevoel dat daar in die arbeidsmark nie plek is vir iemand met kwalifikasies in hierdie tale nie.
- iii) Die vakinhoud het nie betrekking op werklike lewensituasies nie.
- iv) Niks kan deur die medium van 'n Afrikataal geleer word nie.

Volgens dr. Neville Alexander is die houding wat Swart mense teenoor hul eie tale het, die grootste struikelblok in die pad van pogings om die elf amptelike landstale op gelyke voet te kry (Beeld 18 September 1997). Indien die inheemse tale in Suid-Afrika bevorder wil word, is dit van belang dat sprekers 'n positiewe houding teenoor hul tale ontwikkel. Daadwerklike pogings moet aangewend word om veral die taalhoudings in die Swart onderwys te verander. Om 'n mens se moedertaal aan te leer en in jou moedertaal te leer, is nie net 'n grondwetlike reg nie, maar word ook as 'n mensereg beskou. Indien leerders

op skoolvlak 'n waardering vir hulle eie tale kan ontwikkel en daar 'n taal trots gekweek word, behoort dit beslis by te dra om hierdie negatiewe houding teenoor taaleie te verander. Taalhoudings kan egter nie direk bewerkstellig word nie. 'n Mens kan nie aan mense instruksies gee om positief oor hulle tale te voel, of om 'n sterk gevoel van taaltrou te hê nie. Dit is egter moontlik om 'n omgewing te skep wat taaltrou bevorder en ondersteun (Webb 1994:191).

### **8.6.3 Taalhouding van Afrikaanssprekendes teenoor taaleie**

#### **8.6.3.1 Blankes**

Sedert die dertigerjare het baie Afrikaners verstedelik. Taalgetrouheid het vir die Afrikaner minder belangrik begin word. Ekonomiese vooruitgang was van primêre belang. Die begeerte om finansiële 'n onbesorgde lewe te kan lei, skep uit die aard van die saak 'n positiewe houding teenoor die ekonomies voordeligste taal, naamlik Engels. In die sakewêreld praat die gewone Afrikaners meer Engels as Afrikaans. Afrikaanssprekendes praat partykeer selfs met mekaar Engels, wat uiteraard die gehalte van hul taal verlaag (Steyn 1984:24,25). 'n Afname in taalgetrouheid is volgens Steyn (1995:105), ook sigbaar in die opneem van meer en meer onvertaalde woorde uit Engels in die Afrikaanse taal. Webb (1992) huldig dieselfde siening (sien 5.7.1).

Dit was nog altyd vir die Afrikaner van groot belang om Engels net so goed soos 'n Engelssprekende te kan praat. Daar is 'n groot aantal Afrikaners wat baie goed tweetalig is, of wat Afrikaans én Engels as hul huistale beskou. Hierdie tweetaligheid kan egter nadelige gevolge vir Afrikaans inhou, indien die faktore wat die aanleer van die eie taal aangemoedig het, nie meer bestaan nie, of minder belangrik word. In taalgemengde huwelike is dit begryplik dat ouers 'n taal sal kies wat beroepe vir hulle kinders toegankliker maak (Steyn 1984:7). Eastman (1992:108) skryf:

People do not necessarily want to be educated in their first language if that language has no cachet in the broader political economic context.

In Suid-Afrika waar Engels 'n dominante rol in byvoorbeeld die handelswêreld, bankwese, politiek en staatsektor speel, moet dit ongetwyfeld ouers se taalhouding beïnvloed.

In 1973-74 het die Instituut vir Stedelike Studies van die RAU 'n omvattende ondersoek uitgevoer oor *Akkulturasie tussen Blankes aan die Witwatersrand*. Die hoofbevinding van hierdie navorsingsprojek was dat akkulturasie tussen die twee hoof- Blanke kulture ten

koste van die Afrikaanse kultuurgroep geskied. Volgens hierdie ondersoek, is dit veral die Afrikaanssprekende wat vryliker meng met die Engelssprekende. Meer Afrikaanssprekende- as Engelssprekende gesinne se kinders woon skole van die ander taalgroep by (Prinsloo 1984:100).

Hauptfleisch (1977,1978,1979 en 1983) het navorsing gedoen oor taaltrou onder Blanke Suid-Afrikaanse volwassenes in stedelike gebiede. Hierdie navorsing toon 'n verskuiwing van Afrikaans na Engels. Uit die navorsing blyk dit dat sommige Afrikaners ambivalente houdings teenoor die handhawing van Afrikaans as huistaal het. Hauptfleisch (1983:41) het bevind dat Afrikaans en Engels in 5,7% Blanke stedelike huise gepraat word. Een van die belangrikste veranderlikes was sosio-ekonomiese status. Die hoër betaalde beroepe van sommige ouers, het 'n direkte invloed op die keuse van die skool waarheen die ouers hul kinders gestuur het en taalkeuse gehad.

Watermeyer (1996) doen verslag dat daar ongetwyfeld 'n verandering in die algemene houding van Afrikaanssprekendes teenoor Engels plaasgevind het. Ouers is bekommerd oor die dalende standaarde en stuur, net soos in die negentiende en vroeg twintigste eeu, hulle kinders na Engelse privaatskole. Hierdie skole kan uit die aard van die saak net deur ouers wat uit hoër inkomstegroepe kom, bekostig word.

Hierdie neiging van die Afrikaner om sy kind na 'n Engelse skool te stuur, kan ongetwyfeld 'n verreikende invloed op die voortbestaan van Afrikaanse skole hê. Volgens dr. Huw Davies, besturende direkteur van die TO-groep, het die getal Afrikaanse skole sedert 1994 van 1,800 tot slegs 300 verminder (Beeld 31 Julie 2002). Hierdie statistiek word ten sterkste ontken deur mnr. Duncan Hindle, Adjunk Direkteur-generaal van Onderwys. Volgens Hindle, wys die rekords van die departement dat daar inderdaad 2,152 skole is wat Afrikaans as voertaal gebruik en 1,568 dubbelmedium skole, met Afrikaans en Engels as voertaal (Sunday Times 11 August 2002). Wat Hindle egter nie kan ontken nie, is dat talle van die skole wat voorheen slegs Afrikaans as voertaal gebruik het, nou dubbelmedium-skole geword het. Volgens onderwysers by van hierdie dubbelmedium-skole met wie ek onderhoude gevoer het, is dit net 'n kwessie van tyd voordat hierdie skole enkelmedium word, met Engels as voertaal. Hierdie skole word toenemend oorstroom deur Swart leerders wat in Engels onderrig wil word.

‘n Gevallestudie deur De Klerk en Bosch (1998) wat oor ‘n tydperk van een jaar gestrek het, wys op die moontlike gevolge van ouers se besluit om hulle kinders in Engelse skole te sit. Hierdie gevallestudie beskryf die ervarings van ‘n tienjarige Blanke seun wat van ‘n Afrikaansmedium-skool na ‘n Engelsmedium-privaatskool verskuif is. ‘n Verskuiwing van dominansie in Afrikaans na dominansie in Engels het spoedig by die informant plaasgevind en het gepaardgegaan met ‘n verandering in sy taalhoudings (sien 7.4 en 7.5). Hoe meer ‘n ander taal as die spreker se moedertaal dus as kommunikasiemiddel gebruik word, hoe meer identifiseer die spreker hom met die identiteit van die groep wie se taal as kommunikasie middel gebruik word. Eastman (1981:45) stel dit duidelik :

A case can indeed be made out that the more you know of a second language and the more you communicate it, the more you may take on its associated identity.

Dit ly geen twyfel nie, dat die taal- en identiteitsverplasing vir die groep ten gunste van wie die verplasing plaasvind, net voordeel inhou.

Daar is diegene wat beweer dat leerders in skole met Afrikaans as voertaal, negatief staan teenoor die verpligte neem van Engels as vak. Van Aswegen (1988:159) is byvoorbeeld van mening dat Afrikaanssprekende leerders nog steeds antipatie teenoor die Engelse, hulle taal en kultuur koester, as gevolg van historiese faktore en ‘n gevoel dat dit die taal van die onderdrukker is. Navorsing deur De Villiers (1991), oor die verband tussen blootstelling aan en houding teenoor Engels by Afrikaanssprekende leerlinge, het egter getoon dat Afrikaanssprekende leerders geen vyandige gevoelens koester teenoor die Afrikaner se voormalige “onderdrukker” nie (sien 2.3). De Villiers (1991) het bevind dat Afrikaanssprekende leerders nie negatief teenoor Engels is, omdat hulle verplig is om die taal as vak te neem nie. Die leerders was grootliks baie gemotiveerd om Engels aan te leer. Die leerders se ouers het hulle ook aangemoedig om goed te presteer in hierdie vak.

Die regeringshouding soos bespreek in 6.4.3.3, beïnvloed ongetwyfeld die Afrikaanssprekende se siening ten opsigte van sy eie taal. Die regering se aandrang dat alle historiese Afrikaanse universiteite parallelmedium moet word, sal ongetwyfeld daartoe lei dat meer en meer ouers hul kinders na Engelsmedium skole stuur. Volgens Hermann Giliomee word slegs 10% van die kursusse aan historiese Afrikaanse universiteite net in Afrikaans aangebied. Hierteenoor word reeds ‘n volle derde net in Engels aangebied (Die Burger 16 Julie 2002).

Die gevolge van hierdie besluit, is alreeds merkbaar. Studente aan die Universiteit van Stellenbosch is steeds oorwegend louwarm jeens Afrikaans, te midde van die voortgesette taalstryd op die kampus. Die studenteraad het in reaksie hierop gesê dat die meeste voorgraadse klasse reeds in parallelmedium aangebied word. Mnr. Georg Bekkert, SR-voorsitter, het gesê die studenteraad het nie 'n voorgestelde taalbeleid nie en dat hulle ook nie beoog om een op te stel nie. Bekkert het bevestig dat die studenteraad ook geen voorstelle oor Afrikaans as onderrigtaal aan die Universiteit van Stellenbosch gaan indien nie (Die Burger 2 September 2002). Deur op die gebruik van Engels aan alle universiteite aan te dring, is die regering ongetwyfeld besig met 'n beleid van kulturele uitwissing.

Lina Spies het tereg opgemerk dat 'n taal se standaardvariant onwillekeurig ondermyn word deur die verlies van hoër funksies, soos byvoorbeeld as onderrigmedium. Deur Afrikaans te etiketteer as minderheidstaal, laat Afrikaans naas Engels as wêreldtaal, minderwaardig vertoon. Niemand wil hom met 'n taal sonder status identifiseer nie (Die Burger 11 Julie 2002) (sien ook 6.4.1.4).

### **8.6.3.2 Kleurlinge**

In die Kaapse Skiereiland het daar onder 'n gedeelte van die Afrikaanssprekende Kleurlinggemeenskap 'n taalswaai na Engels plaasgevind (sien 6.4.1.4). Scheffer (1983), Wood (1987) en McCormick (1989) het bevind dat Engels verkies word as huis- en onderrigtaal. Volgens Scheffer (1979) kom daar 'n duidelike verskil tussen die stedelike- en plattelandse bevolking voor. Die Kleurling gemeenskap in die Kaapse Skiereiland verkies Engels as medium van onderrig vir beide laer- en hoërskole. Die gemeenskap op die platteland daarenteen, verkies Afrikaans as medium van onderrig in die laerskole, maar is geneig om Engels vir die hoërskool te kies. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met meer resente navorsing deur Phaswana (1994). Phaswana (1994:44) het bevind dat Engels bo ander tale as medium van onderrig verkies word. Volgens Phaswana (1994) is ekonomiese faktore die motivering vir taalkeuse.

Alhoewel sommige mense dit wil ontken, ly dit volgens Odendal (1984:204) geen twyfel dat sommige Afrikaanssprekende Kleurlinge Afrikaans ook as die taal van die onderdrukker beskou nie. Dr. Jakes Gerwel verbonde aan die departement Afrikaans aan die Universiteit van Wes-Kaapland, het byvoorbeeld opgemerk dat Afrikaanssprekende Kleurlinge, selfs onderwysers en dosente van Afrikaans, hulle kinders op Engels

grootmaak. Dit is vir hom ook geen uitgemaakte saak dat hy sy eie kind op Afrikaans sal grootmaak nie.

#### **8.6.4 Taalhouding van andertaliges teenoor Afrikaans**

##### **8.6.4.1 Afrikataalsprekers**

In Suid-Afrika skep vooroordele ongelukkig nog steeds vervreemding tussen Blanke Afrikaanssprekendes en Swart Afrikataalsprekers. Volgens Kotzé (1987), is Afrikaans egter nie so gestigmatiseer as wat sommige navorsers beweer nie. Volgens Kotzé (1987:178) is die vorming van stereotipes, dikwels te wyte aan gebrek aan kontak met moedertaalsprekers. In 69% van die gevalle het die studente hul stereotipe persepsies teenoor Afrikaans verander, nadat hulle tydens hul kursus in kontak met Afrikaanssprekendes gekom het. Kotzé (1987) het sy argument gebaseer op die feit dat 75% van die Swart studente wat Afrikaans as vak aan die Universiteit van Zululand geneem het, hul negatiewe houdings verander het en Afrikaans in 'n positiewer lig gesien het.

In teenstelling hiermee, is Magura (1984:104) van mening dat Afrikaans 'n simbool van onderdrukking onder Afrikataalsprekers is. Die gebeure van 1976 soos bespreek in 2.6 en 3.9, het ongetwyfeld bygedra tot die Swartmense se negatiewe houding teenoor Afrikaans, veral in die stedelike gebiede. Afrikaans bly egter vir baie Swartmense nog steeds 'n brood-en-bottertaal. Schuring (1979:61) skryf in hierdie verband: "English is more prestigious whereas Afrikaans has more of a pragmatic value for South African Blacks."

##### **8.6.4.2 Engelssprekendes**

'n R.G.N.-ondersoek deur Hauptfleisch (1977) het aan die lig gebring dat Engelssprekende Suid-Afrikaners veel minder entoesiasies is oor die aanleer van 'n tweede taal, as Afrikaners. Engelssprekende Suid-Afrikaanse vrouens is veral baie negatief ten opsigte van die praat van Afrikaans. Hauptfleisch (1977) het ook bevind dat die Engelssprekende Suid-Afrikaanse jeug nie sterk gemotiveerd is om die tweede taal te praat nie. Hierdie navorsing is heeltemal in ooreenstemming met my eie waarneming as Afrikaans onderwyser by 'n Engelsmedium skool. Veral na 1994 het 'n redelike persentasie leerders openlik die mening uitgespreek dat Afrikaans 'n sterwende taal is. Hierdie leerders beweer dat hulle nie die rede kan sien, waarom hulle Afrikaans moet

neem nie, want hulle sal dit nooit in die toekoms gebruik nie. Die sluiting van die Afrikaanse departement aan die Universiteit van die Witwatersrand, is onder andere moontlik 'n uitvloeisel van hierdie negatiewe houding van Engelssprekende leerders.

#### **8.6.4.3 Immigrante**

Op skool word alle immigrante in Suid-Afrika deur wetgewing verplig om een amptelike taal aan te leer. Die natuurlike keuse is gewoonlik Engels, wat 'n internasionale taal is. Volgens Odendal (1984:203), is die houding van die immigrant teenoor Afrikaans doodgewoon neutraal, apaties. Afrikaans bestaan net nie vir die immigrant nie, behalwe in die geval van die Nederlandse- en soms die Duitse immigrant.

### **8.7 Taalhouding en taalhandhawing**

Soos genoem in 6.4.3.3, word die noodsaaklikheid van wetgewing bespreek om die grondwetlik verskanste beginsel van tweetaligheid in Suid-Afrika af te dwing. Dit is egter na my mening irrelevant of die wetgewing om veeltaligheid 'n werklikheid te maak, ooit realiseer. Geen wetgewing kan taalhandhawing bewerkstellig nie. Die wet kan net 'n geleentheid skep om 'n taal te gebruik, maar kan nie die sprekers dwing om die taal te gebruik nie. Gemeenskappe kan nie net op die regering steun om in te gryp om hulle tale te ontwikkel nie. Die taalhouding van die moedertaalsprekers speel 'n deurslaggewende rol in hierdie verband. Indien die wil om hulle tale te handhaaf nie by die betrokke gemeenskappe bestaan of gekweek word nie, kan geen wetsontwerp die tale beskerm nie. Holmes (1992:65) skryf:

... language shift will be unavoidable unless the *community* (eie kursivering) takes active steps to prevent it ... without conscious maintenance it can and probably will disappear in as few as three generations.

Cluver (1994:6) wys op wat byvoorbeeld in Zimbabwe gebeur het. Hoewel Shona 'n amptelike taal in Zimbabwe is, is dit net een keer in die parlement gebruik. Die gebruik van Shona het verleentheid veroorsaak, vermoedelik omdat die sprekers self meen dat die taal nie "goed genoeg" is vir gebruik in so 'n domein nie.

Pogings wat in Wallis deur die gemeenskap self aangewend is, kan dien as voorbeeld van 'n gemeenskap wat daadwerklike stappe geneem het om die proses van taalverskuiwing teen te werk en om hul taal te laat herleef. In die negentiende eeu was Wallies 'n florerende taal. Die instroming van Engelse industrialiste het die proses van erosie begin. Teen die 1980's het nog net ongeveer 20% van die bevolking Wallies



gepraat. Doelgerigte en volgehoue pogings deur talle lede van die Walliese gemeenskap het die tempo van taalverlies gestuit. Walliese televisieprogramme, asook die suksesvolle instelling van tweetalige opvoedkundige programme vanaf voorskoolse- tot tersiêre vlak, is byvoorbeeld as teenvoeters ingespan (Holmes 1992:74-77).

In Frankryk het die Franse sterk standpunt ingeneem teen Engels. Frankryk het reeds talle maatreëls ingestel om sy taal en kultuur teen 'n oormaat hoofsaaklik Amerikaanse invloede, te beskerm. Die gebruik van Engels in Franse advertensies is in die meeste gevalle verbode en radiostasies word verplig om ook plaaslike musiek te speel (Die Burger 8 Januarie 2001).

Desondanks die houding van sommige Afrikaanssprekendes, groei die verzet onder Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika tog teen die verengelsing van die skole, universiteite, teknikons en regbank. Dit wil egter voorkom asof die Afrikaans moedertaalsprekers die enigste taalgroep is wat weerstand bied teen die Engelse aanslag. Verskeie berigte oor die prestasie en groei van Afrikaans het die afgelope tyd in dag- en weekblaaie verskyn. Daar word kortliks na enkele voorbeelde verwys. Een daarvan is die geweldige toename in die getal bladsy-versoeke vir *LitNet*. Die versoeke het van 16,000 in Augustus 1999 tot 115,259 in Augustus 2000 gegroei. Na die drastiese inkorting van Afrikaanse programme deur die SABC, is dié uitsaai-diens oorval met klagtes en proteste. Duisende televisiekykers het geweier om hulle televisielisensies te betaal. 'n Taakgroep vir die bemagtiging van Afrikaanse televisiekykers (Tabema) is gestig. Volgens Jaap Steyn (Die Burger 19 September 2000), is dit onder meer aan *Tabema* se ywer te danke dat Afrikaanse programme weer in spits-kyktye as 'n blok saam vertoon word. Die geweldige groei van die Afrikaanse Kunstefeste soos die *KKNK* in Outshoorn en *Aardklop* in Potchefstroom, dui ongetwyfeld op 'n belangstelling in Afrikaans en 'n positiewe taalhouding onder 'n groot persentasie Afrikaanssprekendes.

## 8.8 Samevatting

Houding kan 'n deurslaggewende rol in die taalgebruik van 'n gemeenskap en die voortbestaan van 'n taal speel. Taalhouding word sterk beïnvloed deur sosiale- en politieke faktore. Die sprekers van Afrikatale het oor die algemeen 'n uiters negatiewe houding teenoor hul eie tale. Navorsing toon ook 'n verandering in taalhouding onder Blanke Afrikaanssprekendes aan. Alhoewel 80% van alle onderrig in Suid-Afrika in

Engels plaasvind, is dit slegs die huistaal van 9% van die bevolking. Hierdie tendens is aanduidend van 'n verskuiwing in taaltrou en kan beslis 'n nadelige invloed hê op die taal- en kultuurpatrone van latere geslagte.

Taalhoudings kan nie direk bewerkstellig word nie. Indien die wil om hulle tale te handhaaf nie by die betrokke gemeenskappe bestaan of gekweek word nie, kan geen wetgewing die tale beskerm nie. Taalhandhawing lê in die hande van die moedertaalsprekers self.

